EFFICIENT GROUP

DAWIE SE NOTAS
- Dawie Roodt

26 April 2020

DAWIE ROODT: HELP, DIE KALF IS IN DIE PUT, MAAR...

Ons beleef seker die grootste ekonomiese krisis sedert die Groot Depressie.

Duisende ondernemings gaan hul deure sluit en meer as 'n miljoen mense kan hul werk verloor. Intussen maak die inperking net sake erger, in so 'n mate dat werklike basiese nood by die dag toeneem.

Mense raak honger en desperaat en in sulke omstandighede het ons as gemeenskap die plig om ons medeburgers te ondersteun. 'n Mens kan met reg die vinger wys na die wanbestuur van die verlede en dit blameer vir die huidige krisis. Dit is ook maklik om te verskil met die regering se hantering van die krisis – ek dink byvoorbeeld die inperking moet dadelik opgehef word.

Maar ons is nou waar ons is en mense raak desperaat. Ons moet help; die kalf is in die put.

Daarom moet die planne soos om kinder-en ander oordragte te verhoog verwelkom word. Selfs die plan om sort van 'n basiese inkomste te gee ann diegene wat nie toegang het tot enige ander bystand nie, moet ondersteun word.

Daar was ook ander aankondigings wat ten doel het om werklike nood op te los, soos die oordrag van sowat R20 miljard aan munisipaliteite wat veronderstel is om te help met water, huisvesting en ander basiese behoeftes. Ek ondersteun die inisiatiewe, behalwe die plan om die munisipaliteite hiervoor te gebruik. Hulle het nie die vermoë nie en die geld gaan meestal net vermors word. Ons het 'n morele plig om te help. Maar ons moet ook baie goed verstaan wat dit vir die toekoms inhou.

Hoewel die bedoeling is dat die nuwe en hoër oordragte ná ses maande afgeskaf gaan word, moet ons nou maar eerlik wees: Die krisis sal nie oor ses maande verby wees nie. Maar selfs al is dit, is daar geen manier hoe jy in die toekoms arm mense se inkomste gaan verminder of wegneem nie.

Die nuwe en hoër oordragte (uitgawes) gaan 'n permanente verskynsel word en die belastingbetaler is verbind tot 'n groter belastinglas in die toekoms. Die aankondiging van 'n basiese inkomste klink baie soos die "basic income grant" wat in die verlede al deur vele politieke partye voorgestel is. Nou het ons dit en dit gaan bly, en dit gaan nie by R350 per maand bly nie.

"Die probleem is dat wanneer die belasting uiteindelik betaal moet word, is die belastingbetaler dalk bankrot of ten minste baie min lus om wel te betaal."

Nog aankondigings, wat ook in die omstandighede verstaan kan word, is dié oor belastings. Die bedoeling van die onderskeie belastingtoegewings is nie om die belastinglas te verlig nie; die gedagte is ondersteuning met tussentydse kontantvloei.

Daar is basies uitstel gegee vir die betaling van sekere belastings deur sekere maatskappye en individue. Ná 'n paar maande (vier), moet die "agterstallige" belastings terugbetaal word. Dit alles is veronderstel om binne 'n jaar plaas te vind wat, teoreties, beteken dat die staat se inkomste vir die jaar glad nie geraak sal word nie.

Maar dit is die teorie; in die praktyk werk dinge anders. Onthou dat die staat se geldsake reeds voor Covid-19 beroerd gelyk het en weens die algemene wanbestuur van die staat het die belastingbetaler sy belastingsake al hoe meer aggressief begin bestuur – meer en meer belasting is ontwyk en selfs ontduik.

Die probleem is dat wanneer die belasting uiteindelik betaal moet word, is die belastingbetaler dalk bankrot of ten minste baie min lus om wel te betaal. En glo my, sodra jy enige vorm van belastingtoegewing doen, gaan dit later bars gaan om dit wel in te vorder, veral met die verswakte vermoë van die SAID.

Intussen weet ons dat die ekonomie tans deur 'n baie diep en langdurige resessie gaan en min ekonomiese aktiwiteite beteken in elk geval min belastinginkomste. Verder word ons nou genoop om meer te bestee aan die armes sowel as om (tydelike) belastingtoegewings te doen om ondernemings en individue finansieel staande te hou.

Ek is nie seker waar dit alles gaan eindig nie, maar dit wil vir my lyk dat 'n groter en steeds ondoeltreffende staat ons voorland is, asook baie hoër toekomstige belastings. Goed soos voorgeskrewe bates en skerper valutabeheerregulasies raak nou onvermydelik.

Ek weet ek gaan weer e-pos kry oor hoe "negatief" ek is. Maar eintlik is ek baie opgewonde oor die toekoms, want wat ons voor ons sien afspeel, is 'n staat wat stadig in duie stort. En met die staat uit die weg, is daar soveel meer plek vir die private sektor!

Dawie Roodt
Hoofekonoom van Efficient Group
dawieroodt@efgroup.co.za